

22 November1 Johannes 4:7-21 (4:16 - 1953-vert.)

Liefde en wederliefde

God is liefde - 'n wonderlike waarheid! Tog het die feit dat God liefde is al tot baie misverstande aanleiding gegee.

Met 'n beroep op genoemde Skrifwaarheid wil die mens graag God tot iemand maak wat, ongeag hoe jy as mens optree, maar altyd bereid is om te vergewe en in liefde jou wense uit te voer. In 1 Johannes 4 word daarop gewys dat God eerste aan die mens sy liefde openbaar het, nog voordat ons hom liefgehad het. As bewys van hierdie liefde het Hy sy Seun gestuur om versoening vir ons sonde. Hierdie eerste liefde van God vra om 'n antwoord, om wederliefde. Ons moet bely dat Jesus die Seun van God is en dat ons almal in sy Naam broeders en susters van mekaar is of altans behoort te wees. Waar hierdie verhouding tussen God en mens bestaan, bly God in die mens. Dan straal die liefde van God déúr ons ook uit na ons naaste. As ons in selfregverdiging en eieliefde die Vader se liefde net altyd vir ons self wil opeis, maar ons naaste se gevoel, standpunt en optrede minag en bevraagteken, dan het ons teenoor die hoë God leuenaars geword. Christus het vermaan: Jy moet die Here jou God liefhê ... en jou naaste soos jouself. Wie hierdie tweerigting verkeer in die liefde nie wil erken nie, het die diepte van die Vader se liefde tog nie begryp nie.

Sing: Skrifberyming 33:1, 3

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)